

Skriflesing: Johannes 7:37-39

“Die Here sal jou altyddeur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak. Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie.” (Jes 58:11)

Tema: Die Heilige Gees maak ons kanale, nie opgaardamme nie.

Ons is meer as ooit bewus van die belangrikheid van water. Damvlakke is gevaarlik laag. In sekere dele van die Oos-Kaap het die droogte mens, plant en dier in 'n wurggreep. Sonder water is daar swaarkry en dood. Water is lewe!

Die huttefees was een van die drie groot feeste wat die Israeliete elke jaar gevier het. Dit was 'n vreugde-fees. 'n Fees waarin hulle die seën van die Here herdenk het, veral Sy sorg en beskerming die veertig jaar wat hulle in die woestyn was na die uittog uit Egipte. Daarom het hulle vir sewe dae wat die fees geduur het, in tydelike hutte gebly. So het hulle onthou van die woestynjare waarin hulle in tydelike blyplekke geleef het.

By hierdie fees het water 'n groot rol gespeel. Hulle het elke dag by die Siloamput gaan water haal en dit dan op die altaar in die tempel uitgegooi, terwyl die volk sing, takkies swaai en sitrusvrugte as teken van die oes in die lug hou.

Water was vir hulle simbool van God se sorg. Hy het tydens die woestynreis water uit 'n rots laat uitstroom wat die verskil tussen lewe en dood beteken het. Water het hulle ook herinner aan God wat die reën gee, sodat hulle kan saai en oes en so versorg kan wees.

By hierdie spesifieke huttefees het die Here Jesus eers op die agtergrond gebly, maar hier by die hoogtepunt van die fees het Hy hard en openlik uitgeroep: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!”

Natuurlik roep Hy nie mense wat fisies dors is nie, maar mense wat geestelik dors is. Hy roep mense wat dors na die ware lewe, mense wat vasgevang is deur sonde of deur godsdienstige wette en reëls. Hy roep mense wat na hierdie wêreld en die ellende rondom hulle kyk en verlang na 'n lewe wat méér as dit is; mense wat vrede met God soek maar dit nie kry nie, omdat hulle, soos die kerk in Jesus se tyd, dit op die verkeerde plek en manier gesoek het!

Jesus nooi almal uit. Hulle moet na Hom toe kom en drink van die water wat Hy gee. Daarmee nooi Hy hulle uit om in Hom te glo! Hy het gekom om die straf op ons sonde te dra. Hy het klaar met die dood afgereken. Hy alleen kan ons geestelike dors les. Hy is die lewende water vir mense wat in die sondewoestyn van hierdie aardse lewe vergaan van geestelike dors.

Dáárom sê Hy: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!”

Hoor sy uitnodiging in Jes 55:1: “Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk.”

In Johannes 4 praat Hy met die Samaritaanse vrou oor Homself as die lewende water.

Eseg 36:25-27 beskryf hierdie proses van sy skoonwas en vul met die Heilige Gees baie mooi: “²⁵Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. ²⁶Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee.

²⁷Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.”

Die Heilige Gees help ons om in geloof aan Jesus oor te gee. Ons sal nie na Jesus toe kom as die Gees ons nie na Hom toe vat nie.

Wanneer ons, onder leiding van die Heilige Gees, aan die Here oorgee, verander ons lewens onherroepelik. Nooit weer kan ons lewens dor en onvrugbaar wees nie. Ons kan die geestelike lewenswater, wat ons in Christus vul, nie vir onself hou nie.

Die Heilige Gees bou nie damme nie. Hy laat toe dat sy lewende water uit ons vloei sodat ander ook daarin kan deel! Ons lees in Joh 7:38: “Strome lewende water sal uit ons binneste vloei.” Hier staan letterlik: “Riviere lewende water sal uit ons binneste stroom.”

By die Here les ons nie net ons eie dors nie. Ons word self kanale van lewende water vir 'n dors wêreld. Die Heilige Gees laat die lewende water, die seën en oorfloed van die Here, uit ons vloei.

En ons praat nie van druppels nie. Druppels is maklik, want dit drup gewoonlik uit my oorfloed. Nee, strome van lewende water sal uit ons vloei.

Hoe lyk hierdie strome lewende water? Kyk hoe lewende water uitvloei direk na die uitstorting van die Heilige Gees.

Petrus, wat eers te bang was om te erken dat hy 'n volgeling van Jesus was, staan – na die uitstorting van die Heilige Gees – by die tempel voor duisende mense op en preek vreesloos oor Jesus as die Here.

Die apostels wat afwesig was by Jesus se kruisiging en na sy opstanding het hulle agter geslote deure bymekaar gekom omdat hulle bang was vir die Jode, getuig openlik in die tempel en voor die Joodse Raad en net waar hulle kon.

Die boodskap van die Here het onkeerbaar uit hulle uit gestroom.

Die stroom van die Here se liefde het uit die eerste Christene gestroom, soveel so dat van hulle bereid was om hul eiendomme te verkoop om die armes onder hulle te kon help. Dit was 'n stroom van liefde wat die verbeelding van ander mense aangegryp het.

En hierdie stroom vloei steeds onkeerbaar, ook uit ons gemeente. Ek is jammer as ek te veel finansiële voorbeelde gebruik, maar dit is die sigbaarste van die stroom wat uit ons vloei.

By getuienis ondersteun ons 6 bedieninge met 'n totaal van meer as R200 000 per jaar.

In ons voelvoorsiening projek wat vanuit die inperking gebore is, is al meer as R206 000 gebruik vir die aankoop van voedsel. Daarby kom die vragte voedsel wat reeds geskenk is. Elke jaarlik skenk ons meer as R70 000 vir Barmhartigheidsorganisasies in die stad. En vragte klere, linne ens word aan minderbevoorregtes geskenk.

Die belangrikste stroom van lewende water moet natuurlik in huwelike en huise vloei. Vanuit ons huise moet die uitvloei na ons werke, skole en verder.

Die wêreld is vasgevang in 'n dor woestyn van leuens, valsheid, onbetroubaarheid en bedrog. Die stroom van eerlikheid, opregtheid en betroubaarheid wat uitvloei uit Geesvervulde kinders van die Here, bring soos 'n rivier helderskoon water, nuwe lewe en groei in die woestyn.

Ons braaivleisgesprekke klink maar sleg. Maar uit kinders van die Here vloei 'n stroom van hoop. Ons sug 'n ander sug as hulle wat die Here nie ken en dien nie – 'n sug van vooruitsig en verwagting op die heerlikheid wat op ons wag. Ons het verlede week onder andere stilgestaan by Rom 8:18: "Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie."

Waar mense in Christus glo, is die Heilige Gees in ons. Die Heilige Gees vul ons met die Goeie Nuus van Jesus Christus en met liefde, vrede, diensbaarheid en eerlikheid. Ons kan nie hierdie seën vir onself hou nie. Kom ons laat die Heilige Gees toe om strome, nee riviere in vloed... uit ons te laat vloei!

Amen